

Kandidate het oor die algemeen beter presteer as in 2008.

Die vakgebied is baie wyd en daarom word daar ook redelik van algemene kennis gebruik gemaak om die vraestel op te stel. Kandidate begin verstaan dat hulle meer daarop moet konsentreer om 'n probleem uit te redeneer en 'n oplossing daarvoor te vind. Dit maak die vak dan ook baie interessant.

Nuwe notas wat die uitgebreidheid van die vak meer spesifiseer, is verlede jaar opgestel, maar ongelukkig het hierdie notas nog nie die WKOD se leerkragte bereik nie. Ons glo dat ons dit wel in 2010 sal ontvang sodat ons dan die kandidate se kennis nog verder daarmee sal kan uitbrei.

AFDELING A

Vraag 1

Oor die algemeen baie goed beantwoord en die meeste kandidate het hier baie goed gedoen. Die puntetoewysing van 2 punte elk vir die kort vroe werk baie beter en die swakke kandidaat word nie so erg daardeur gepenaliseer nie.

AFDELING B

Vraag 2 tot 6

Oor die algemeen baie beter beantwoord en vandaar die beter uitslae. Daar was egter nog kandidate wat klaarblyklik gesukkel het om die hoeveelheid leerstof onder die knie te kry.

Moontlike oorsake:

Die inhoud is baie gespesialiseer en dek 'n baie wye gebied.

Die implemente is baie gesofistikeer en geweldig duur – skole kan nie bekostig om dit self aan te koop nie.

Kandidate wat die vak neem, is nie altyd akademies ingestel nie.

Moontlike oplossings:

Daar moet meer van kundiges in die privaatsektor gebruik gemaak word om kursusse aan te bied.

Meer gereelde werksinkels moet aangebied word om onderwysers op te lei.

Vakgroepe is te groot om deeglike onderrig te gee. Praktiese leerareas benodig baie oefening as kandidate tegnieke/handvaardighede moet bemeester.

Meer kommunikasie tussen opvoeders van verskillende skole.

Beter opleidingsmateriaal vir kandidate.

Slotopmerkings:

Landboutegnologie is 'n vak/leerarea wat hom uitmuntend leen tot werkskepping.

Ons is besig om vordering te maak. Onderwysers moet nie moed verloor nie en moet daarna streef om die beste uit elke kandidaat te haal.